23.7 RAPPORT 1: DEPUTATE PUBLIKASIES – KERKLIKE TYDSKRIFTE – ALGEMEEN (Artt 123, 128)

A. Ds JG Noëth lewer die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

1.1 Sedert die vorige Sinode in 2012 het die Kerklike Tydskrifte gereeld verskyn en is ‘n hoë standaard gehandhaaf. Dalende intekenare bly ‘n staande probleem vir die Kerklike Tydskrifte. Terugvoering oor die gehalte van die produk (vorm en inhoud) is baie positief en goed – tog duur die daling voort:

	Kerkblad	**Vroueblad**	**Slingervel**	**Kruispad**
Junie 2012	3 758	2 684	2 420	
Junie 2013	3 521	2 537	2 215	
Junie 2014	3 290	2 410	2 052	930

1.2 Elkeen van die tydskrifte se redaksies het moeite gedoen met betrekking tot die bemarking van die tydskrifte, byvoorbeeld by wyse van briewe aan gemeentes, bemarking van *Die Vroueblad* met sustersaamtrekke, Facebook en aantreklike spesiale bylaes (bv in *Kruispad*). Die Skakeldeputate het ook baie moeite gedoen om by hulle streeksaamtrekke dwarsdeur die kerkverband die Kerklike Tydskrifte te bemark. Moeite is ook gedoen om die elektroniese beskikbaarheid van die tydskrifte op die GKSA-webblad te bemark.

1.3 Die Deputate het die Redaksies bygestaan in sake waarin die Redaksies advies versoek het.

1.4 *Finansies*

Die finansies van die Kerklike Tydskrifte sal in ‘n Aanvullende Rapport ingedien word.

Besluit: Punte 1.1 tot 1.4 kennis geneem.

2. Algemene sake waaroor die Sinode besluit

2.1 *Aanbevelings*

2.1.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die Redakteurs en Redaksiekommissies vir die Kerklike Tydskrifte wat gereeld en op hoë standaard uitgegee is.

2.1.2 In besonder spreek die Sinode sy dank uit vir die besondere werk wat dr CN van der Merwe oor soveel jare by die Kerklike Tydskrifte verrig het.

2.1.3 Die Sinode benoem weer Deputate om opdragte rakende die Kerklike Tydskrifte uit te voer.

2.1.4 Die status quo word gehandhaaf, naamlik 1 kollekte per jaar “vir Kerklike Tydskrifte”.

2.1.5 Die Deputate beveel aan dat gemeentes oorweeg om 10 kopieë van elke Kerklike Tydskrif aan te koop en te versprei, byvoorbeeld onder behoeftige lidmate. Indien slegs 50% van gemeentes dit wel doen, sal dit ‘n aansienlike verskil maak aan die finansiële lewensvatbaarheid van ons tydskrifte.

Besluit: Goedgekeur met byvoeging dat die moontlikheid deur die Deputate ondersoek word om die kerklike tydskrifte in Engels te vertaal.

D. **DANKWOORD AAN REDAKTEURS VAN ONDERSKEIE TYDSKRIFTE**

Besluit: Skriba moet briewe van dank aan die onderskeie redakteurs rig.